| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | VISUELE KUNSTE (PRAKTIES) |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTE TOTAAL** | 100 |
| **TYDSDUUR (URE)** | MINIMUM 18 EN MAKSIMUM 24 UUR<br>• AFDELING A moet gedurende die 3de kwartaal gedoen word. [50 punte]<br>• AFDELING B moet gedurende die 4de kwartaal gedoen word, onder gekontroleerde toesig SLEGS in die eksamenlokaal, binne 'n tydskedule van **24 uur,** versprei oor 3 of 4 dae. [50 punte] |
| **AANTAL BLADSYE** | 21 |

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE** afdelings:

   **AFDELING A:** BRONBOEK/WERKBOEK/JOERNAAL
   **AFDELING B:** DIE KUNSWERK

2. Beantwoord **AL** die vrae in **AFDELING A** en **AFDELING B**.

3. Jou fasiliteerder moet hierdie eksamen bekendstel en fasiliteer.

4. In hierdie eksamen word daar van jou verwag om die volgende vaardighede te demonstreer:

   - Pas gevorderde benaderings onafhanklik en kreatief toe en genereer idees in reaksie op die projekopdrag.
   - Demonstreer 'n gevorderde mate van tegniese vaardigheid deur 'n reeks materiale en tegnieke te gebruik.
   - Los visuele en konsepsuele probleme op deur verbeeldingryke en innoverende kunswerke te skep deur die gebruik van 'n persoonlike, ekspressiewe visuele taal.
   - Bestuur tyd en die werkproses effektief en bied eie werk op 'n professionele manier aan wat die ekspressiewe en konsepsuele impak van die werk versterk.

5. Jou finale praktiese kuns eksamen vir Graad 12 verteenwoordig die hoogtepunt van jou kunsstudies hierdie jaar. Jou kreatiwiteit, oorspronklikheid en vaardigheid behoort ten toon gestel word

6. Lees die **ADDENDUM** met inligting rakende jou werksproses aan die einde van die vraestel.

7. Plak die voltooide, getekende **VERKLARING VAN EGTHEID** voor in die **BRONBOEK/ WERKBOEK/JOERNAAL**.

***Mag jy geniet om hierdie kunswerk te skep en mag dit vars, oorspronklik en 'n uitdrukking van jou eie persoonlike ervarings wees.***

## AFDELING A (ONDERWERP 1): BRONBOEK/WERKBOEK/JOERNAAL

Die bronboek vorm ’n belangrike deel van hierdie eksamen. Daar is geen beperkings op grootte nie en dit kan in enige vorm aangebied word. Jy mag by die skool en by die huis daaraan werk. Dit bied insig in die manier waarop jy idees vorm, hoeveel alternatiewe jy ondersoek het, asook ander prosesse wat bydra tot die finale kunswerk. Jou denkprosesse moet duidelik in die bronboek oorgedra word.

Die bronboek MOET duidelik as eksamenwerk gemerk word en moet saam met jou finale kunswerk, AFDELING B, aangebied word.

Direkte kopiëring uit tydskrifte, die internet, ensovoorts, word NIE toegelaat NIE. Direkte kopiëring van ’n visuele beeld wat nie jou eie is nie, sal gepenaliseer word. Dit is ’n vorm van plagiaat en is onaanvaarbaar. Vewysingsmateriaal moet ten minste 60% verander word om penalisasie te voorkom. Klem word op die PROSES VAN TRANSFORMASIE (VERANDERING) VAN DIE BRONMATERIAAL geplaas.

As jy geskikte, geleende beelde moet gebruik, moet jy dit met jou EIE, OORSPRONKLIKE BEELDE KOMBINEER OM ’N EIE INTERPRETASIE TE ONTWIKKEL.

**In jou bronboek moet jy op ’n VISUELE manier die “storie” vertel van hoe jou finale kunswerk UITGEDINK, ONTWIKKEL en GESKEP is. Dit moet gedoen word deur tekeninge, skryfwerk, eksperimentering, plak, ensovoorts. Hierdie reis deur tyd moet jou INDIVIDUALITEIT en KREATIWITEIT as ’n kunsleerder weerspieël. Beelde wat gebruik word vir die finale kunswerk moet in die bronboek voorkom.**

Die volgende is slegs ’n <u>riglyn van komponente wat jy in jou bronboek kan insluit</u>:

- Plak hierdie eksamenopdrag voor in jou eksamenbronboek.
- Voornemens, doelwitte of idees wat jy wil oordra moet ingesluit word.
- Visuele beelde wat verband hou met jou doelwitte.
- ’n Minumum van 40% van jou bronboek moet bestaan uit tekeninge. Verpersoonlik jou konsepte en skep oorspronklike, voorbereidende/komposisionele/gedetaileerde/ konseptuele sketse en tekeninge gebaseer op jou bronne.
- Fokus op eksperimentering, byvoorbeeld deur verskillende mediums aan te wend. Demonstreer dat jy arseringstegnieke kan toepas in verskillende media. As jy byvoorbeeld waterverf gebruik, kan jy jou tekening afrond deur middel van arseringstegnieke met inkleurpotlode.
- Prosestekeninge: As jou werk meer prosesgeoriënteerd is, moet jy bewyse van die kreatiewe proses insluit deur middel van dokumentering deur oorspronklike foto's, eksperimente en/of tekeninge en gepaardgaande tekste.
- Ten minste EEN tonale tekening moet die ontwikkeling van jou idees duidelik toon en direk verband hou met jou kunswerk.
- Neem ’n besluit wat betref die formaat, grootte en aanbieding van jou bronboek, sodat dit jou konsepte ten beste ondersteun.
- As die gekose medium vir die finale werk digitaal is, is dieselfde vereistes as die bogenoemde van toepassing. Sluit skermkiekies (*screenshots*/skermgrepe) van die finale werk in soos dit vorder.

*Alle materiaal moet verband hou met die ontwikkeling van jou werk en moet jou besluite ondersteun.*

**Sien werkboek-assesseringskriteria op bladsy 5.**

## AFDELING B: (ONDERWERP 2) DIE KUNSWERK

**Die eksamenwerk moet in die teenwoordigheid van die Visuele Kuns-fasiliteerder/ toesighouer afgelê word, deur ’n minimum van 18 ure en ’n maksimum van 24 ure te gebruik.**

1. Daar word van jou verwag om EEN kunswerk te skep in die praktiese dissipline wat jy hierdie jaar gekies het.

2. Jy kan jou werk aanbied as ’n enkele stuk of moontlik in die vorm van ’n diptiek, triptiek of ’n reeks werke wat as een kunswerk gelees word.

3. **Jy mag NIE die kunswerk uit die eksamenlokaal neem NIE. Dit word as ’n eksamenonreëlmatigheid beskou.**

4. Jy mag die vraestel voor die begin van die eksamen met jou Visuele Kunste-fasiliteerder bespreek, maar geen bespreking van werk mag gedurende die eksamentydperk plaasvind nie.

5. Daar is geen beperkings op grootte nie, maar die kunswerk moet in staat wees om hantering te weerstaan ter wille van die vervoer na die eksamensentrum. Alle kunswerke vir SACAI word na die sentrale nasiensentrum vervoer.

6. Onthou die belangrikheid van die kunselemente en beginsels, soos lyn, fatsoen, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, harmonie, proporsie en komposisie.

7. Daar is geen voorskrifte wat betref die styl van die werk nie, maar geen abstrakte werk word toegelaat nie. Dit kan naturalisties, ekspressionisties, dekoratief, ens. wees. Geen plakboekwerk (*scrapbooking)* nie.

8. Jy mag ander media insluit om gemengde mediawerk in enige van die praktiese dissiplines te skep.

9. Kies verbeeldingryke onderwerpe, temas, simbole en metafore om ’n ekspressiewe, emosionele, konseptuele of perseptuele/naturalistiese kunswerk te skep.

# ASSESSERINGSKRITERIA

NASIENERS/EKSAMINATORS GEBRUIK DIE VOLGENDE RIGLYNE AS GIDS WANNEER NAGESIEN WORD:

### AFDELING A: BRONBOEK/WERKBOEK

| KRITERIA | | PUNTE |
|---|---|---|
| **KONSEP-ONTWIKKELING** | • Kandidaat se voorneme/voorstel/rasionaal<br>• Idees: breinstorm en/of breinkaart<br>• Reflektiewe verslag ná afhandeling van die finale kunswerk | 100 |
| **NAVORSING** | • Behoort sommige of alles van die volgende in te sluit:<br>• visuele beelde, foto's, visuele bronne of enige ander materiaal wat jou inspireer in die vorm van 'n collage<br>• Navorsing oor kunstenaars wat jou inspireer (alle materiaal moet verband hou met jou werk) | 100 |
| **PROSES-TEKENINGE** | • Ten minste 40% moet bestaan uit tekeninge wat jou konseptuele ontwikkeling verduidelik.<br>• Verkenning en eksperimentering met materiale en tegnieke, lyn/kontoer/detailstudies/komposisie-/tonale tekeninge en/of kleurstudies | 100 |
| **AANBIEDING EN OORSIG: INDRUK VAN DIE BRONBOEK** | • Visueel interessante en kreatiewe verkenning van die tema<br>• Beplanning: goed georganiseer en netjies aangebied<br>• Sluit 'n inhoudsopgawe, opskrifte en bladuitleg in | 100 |
| | | 400/8 |
| **TOTAAL** | | **50** |

### AFDELING B: KUNSWERK

| KRITERIA | |
|---|---|
| Keuse en gebruik van materiale/tegnieke | • Geskiktheid van materiaal en tegniek<br>• Tegniese vaardigheid |
| Gebruik van formele kunselemente | • Die belangrikheid van lyn, fatsoen, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, harmonie, proporsie, komposisie |
| Oorsig – indruk van die werk: oorspronkliheid, kreatiwiteit, innovering | • Nuwe en unieke reaksies en oplossings |
| Interpretasie en praktiese toepassing van navorsing | • Persoonlike interpretasie van die tema<br>• Eksperimentering |
| Voltooiing en aanbieding van werk | • Aandag aan detail<br>• Voltooi binne tydsraamwerk<br>• Aangebied volgens opdrag |
| **TOTAAL 50** | |
| **SAAMGESTELDE TOTAAL: Afdelings A en B** | |

**FINALE PUNT VIR PRAKTIESE EKSAMEN:**

AFDELING A (50 PUNTE) + AFDELING B (50 PUNTE) = 100 PUNTE

| ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTIESE WERK (VOO) | | |
|---|---|---|
| **Uitstaande** | 90–100 | Uitsonderlike vermoë; ryk; insigryk; vloeiend; hoë vaardigheid; waarneming en kennis kragtig uitgedruk; ondersteun deur ’‘n oorspronklike of ongewone keuse van relevante visuele bronne.<br>**Uitstaande en oorspronklike aanbieding.** |
| **Uitstekend** | 80–89 | Treffende impak; meestal soos hierbo; gedetailleerd; goed georganiseerd en samehangend; afgewerk; vaardighede sigbaar; ondersteun deur oorspronklike/ongewone/relevante visuele bronne; aanbieding oorspronklik en deurdink.<br>**’n Paar gebreke sigbaar.** |
| **Baie goed** | 70–79 | Goed georganiseerd, soos hierbo, maar sonder “lewendigheid en sprankel”; goeie vlak van bevoegdheid en keuse van inhoud; ondersteun deur ’n goeie keuse van visuele bronne; duidelike sorg en moeite gedoen met oorspronklike aanbieding**.**<br>**’n Paar duidelike teenstrydighede/foute sigbaar.** |
| **Goed** | 60–69 | Interessante visuele aanbieding; duidelike oogmerk/doel; oortuigend; eenvoudige direkte gebruik van medium; toon begrip maar neig somtyds na die gewone en stereotipiese reaksie; genoegsame keuse van relevante bronne; redelike moeite gedoen met aanbieding.<br>**Steurende/duidelike ongelykhede/teenstrydighede.** |
| **Gemiddeld** | 50–59 | Voldoende/bevredigend; voel meganies; afgelei of gekopieer; min insig; verbeeldingloos; ’n paar visuele bronne, maar nie altyd duidelik geïdentifiseer nie; aanvaarbare aanbieding.<br>**Baie steurende ongelykhede/teenstrydighede.** |
| **Ondergemiddeld** | 40–49 | Genoeg materiaal/werke om te slaag; nie logies gekonstrueer nie; ’n paar flitse van insig; beperkte keuse van inligting; swak tegniese vaardighede kan ’n bydraende faktor wees; min gebruik van visuele inligting; lomp of nalatige aanbieding**.**<br>**Het ondersteuning/motivering nodig om te slaag.** |
| **Swak** | 30–39 | Visueel oninteressant; onkreatief; beperkte/swak tegniese vaardigheid gebruik; min poging om inligting op ’n aanvaarbare manier aan te bied; min of geen visuele inligting/bronne; algemene gebrek aan toewyding.<br>**Het ondersteunig/motivering nodig om te slaag**. Baie swak. |
| **Baie swak**<br>**Druip** | 20–29 | Baie min inligting; deurmekaar; nie maklik om na te kyk nie; min of irrelevante werk/visuele inligting; geen poging aangewend om werk op aanvaarbare manier aan te bied nie.<br>**Algemene gebrek aan toewyding/samewerking.** |
| **Onaanvaarbaar**<br>**Druip** | 0–19 | Onsamehangend; irrelevant; baie min of geen werk nie; gebrek aan selfs beperkte vaardighede toegepas.<br>**Geen toewyding/samewerking nie.** |

**TEMA**

Hierdie tema is bedoel om jou te inspireer en uit te daag. Dit is oop vir ’n wye spektrum interpretasies binne jou spesifieke dissipline. Jou interpretasie moet ’n hoogtepunt vorm van die kreatiewe proses waarmee jy in graad 10 begin het.




Kuns is dikwels betowerend. Maar watter verhouding het die magiese en kuns?







Verskeie skrywers definieer “magies/betowerend” as die begeerte om onsigbare kragte te gebruik om die sigbare wêreld te verander. Vanuit die filosofiese oogpunt, wys die skakel tussen kuns en die betowerende die verborge reëls van die natuur, dit ondersoek die sigbare wêreld en beeld die gebied van drome en begeertes uit.

Sedert die begin van menslike kreatiwiteit het die betowerende en kuns hand aan hand gegaan. Klein beeldjies wat vir verskeie rituele gebruik word, die antieke tekeninge wat in grotte gevind is, of die primitiewe maskers wat vir talle vieringe gebruik is, is van die vroegste visuele kuns voorbeelde van ’n ontmoetingspunt tussen die geestelike en materiële ryk.

Die antieke Egiptiese boek van die dood is een van die vroegste voorbeelde van kuns wat vir magiese doeleindes gemaak is. Dit is vol pragtige Egiptiese skilderye en hiërogliewe, en

die beelde daarbinne illustreer verskeie towerspreuke wat die **oorgang** na die onderwêreld aanhelp.

Die tema, **BETOWERING**, is oop vir baie interpretasies. Die frase, die betowerende oomblik, verwys na ’n kort ervaring wat op een of ander manier as spesiaal ervaar word, ’n kort tydjie wat pragtig en spesiaal is. Daar is goud te vinde in elke oomblik wat ons het. Soms moet jy diep delf om dit te ontbloot, maar dit is daar.

Elke oomblik, elke ervaring, elke moontlikheid is ’n geleentheid vir ’n nuwe begin. Ons moet die meeste maak van elke dag. Plekke of voorwerpe kan ook magies wees, dit kan ’n geheimsinnige kwaliteit hê wat dit wonderlik en opwindend laat lyk. Wat is die lewe se magiese oomblikke? Hartverblywende gesinsherinneringe, soos om te trou, ’n baba te hê, om vir die eerste keer verlief te raak of om jou eerste salaristjek te kry. Om iemand vir wie jy lief is te hoor sê “Ek is ook lief vir jou” of selfs jou eerste huis te koop.

Die koms van ’n magiese oomblik fokus ons aandag op die hede, en skep een van die min gevalle in die lewe waar ons nie nadink oor die verlede of oor die toekoms reflekteer nie. Of dit nou nag of dag is, die noordelike of suidelike halfrond, ongeag die seisoen of die presiese ligging – ons planeet se natuurlike wêreld produseer werklik magiese oomblikke die hele jaar deur.

Hier is ’n paar voorbeelde van kunswerke wat geïnterpreteer kan word as ’n weerspieëling van die konsep **BETOWERING**. Jy kan inspirasie uit hierdie beelde put en ook verdere navorsing oor die kunstenaars se werk onderneem.

Die kunstenaar Augusto Moriani wys ’n magiese oomblik in sy kunswerk, *Baby’s first steps*. Die ma en pa help die baba met sy babatreëjies, op pad na sy ma toe.

.



Augusto Moriani: ***Baby’s First Steps*,** olie op doek, 1895.

Daar is vier fases in die metamorfose van skoenlappers en motte: eier, larwe, papie en volwassene. Die papie hang onderstebo totdat die skoenlapper in een wonderlike oomblik gereed is om as ’n volwassene uit die papie te voorskyn te kom.



***Colourful Butterfly emerging from cocoon,*** gegenereer met KI deur Jonatan, datum onbekend.

Betowerende oomblikke in tyd, wanneer die son ondergaan. Om te kyk hoe die dag vervaag tot dit aand word, om die verandering in lig en skaduwees te sien, die weerkaatsende kleure wat die wêreld transformeer, dit is werklik betowerend.




***A child and dog sitting at the end of a dock watching the sunset over calm waters***, wat met KI deur Roxanebaai gegenereer is, datum onbekend.

Stel jou voor dat jy skubaduik of snorkel en Jason deCaires Taylor se dinamiese beeldhou-installasie op die seebodem kan sien. Hy kombineer die tradisies van landkuns met die sensitiwiteit van straatkuns, en lewer voortdurend veranderende werke vol verrassing, deernis en vernuf.





Jason deCaires Taylor:
***Museo Atlantico*,** onderwater beeldhouwerk gemaak van pH neutrale sement, vlekvrye staal, aggregate, 2012.



Een van Rodin se bekendste werke, ***The Kiss***, beeld ’n teer oomblik uit tussen Paola en Francesca, twee karakters wat uit Dante se *Divine Comedy* geneem is. Trouens, die vermoorde minnaars kon nooit ten volle omhels nie, aangesien hulle deur Francesca se man vermoor is toe hulle in ’n omhelsing gevind is.

Auguste Rodin:
***The Kiss,*** marmer, 1889.

Die Amerikaanse popkunstenaar Roy Lichtenstein is bekend vir sy komiese styl van Popkuns. In hierdie kunswerk, een van verskeie beelde van omhelsende paartjies, moet ons as toeskouers besluit of die soen te wyte is aan 'n hartseer afskeid of 'n vreugdevolle ontmoeting.



Roy Lichtenstein: ***Kiss II,*** olie op doek, 1961.



Marc Chagall: ***The Promenade,*** olie op doek, 1917.

Hierdie kunswerk van Chagall toon die uitbundige lewenslus uit, wat hand aan hand gegaan het met die nuwe fase van artistieke prestasie wat die kunstenaars bereik het. Die kunswerk toon die opwindende gevoel van vryheid en optimisme as 'n resultaat van die Oktober-rewolusie, wat plaasgevind het. Vir die Jode het die rewolusie ware bevryding beteken; uiteindelik was hulle geregtig op dieselfde volle regte as elke ander burger van die staat. Vernederings, soos wat die jong Chagall tydens sy studies in St. Petersburg beleef het, waar Jode slegs met 'n spesiale verblyfpermit toegelaat is, was nou nie meer ter sprake nie. As kunstenaar het Chagall tot die avant-garde behoort, wat alles gebaat het uit hierdie revolusionêre veranderinge.

Boonop was daar die geluk met Bella, om 'n goue gloed/glans op die lewe te plaas ten spyte van die baie ongunstige omstandighede van die buitewêreld.

***Liberty Leading the People*** beeld ’n vrou uit wat Vryheid verpersoonlik. Sy lei ’n groep mense vorentoe bo-oor die liggame van die dooies, terwyl sy die Franse driekleurvlag omhoog hou. Die skildery vang die oomblik van ’n rewolusie vas, waar die mense die wapen teen die regering opgeneem het en geveg het vir hul vryheid.



Eugène Delacroix: ***Liberty Leading the People,*** olie op doek, 1830.




Pol Ledent, ***The Rich Colours of Trees in Autumn,*** olie op doek, 2023.



Debra Slonim, ***Magic Unleashed, Andrea Illuminated,*** olie op doek, 2021.

’n Magiese oomblik, ’n verjaarsdagviering vol betowerende pret. ’n Reënboog verskyn terwyl die jong musikant ’n klassieke deuntjie, “Happy Birthday”, op sy trompet speel.

Lori Pittenger, ***Birthday Magic***, olie op doek, 2018.





“Die pragtige vroegaand-sonstrale wat deurdie kristal van my ingangsportaal se dakkandelaar val, skep ’n perfekte prisma van lig op my skildery en sorg vir ’n betowerende effek. Dit het my oog gevang en my kunswerk na ’n nuwe vlak geneem wat ek nie op my eie kon bereik nie ... ’n ware God-knipoog!”

Lori Pittenger, ***A Chef’s Muse***, olie op doek, 2014.



Anna Duyunova, ***My Summer Visitor,*** olie op doek, 2017.

**Magical Moments is gestig deur Ilana Friedman**






Ilana fokus op en betrek kinders wat nie raakgesien word nie en nie gehoor word nie, wat die betowerendste jare van hul lewens misloop, en blootgestel is aan te veel geweld, haat, woede, hopeloosheid, swaarkry en moeilikheid gedurende hul mees insiggewende jare. Sy glo in die magiese – om kinders wat in armoede van gees, hart, liggaam en siel leef, die geleenthede te gee om die "buitengewone" te ervaar. Sy neem hulle vir 'n paar uur per dag op mini-vakansies; om skuiling te soek, terwyl hulle speel. Om net die harde werklikheid van die lewe te ontsnap, en vir 'n paar betowerende oomblikke te ervaar wat vrygewigheid werklik beteken – onvoorwaardelike vriendelikheid, gevul met liefde, deernis en soveel sagmoedigheid.



Die tema kan op baie maniere geïnterpreteer word. Dit kan beskrywend, simbolies of konseptueel wees. Deur jou navorsingsmateriaal te gebruik, moet jy 'n oorspronklike oplossing vind om ‘n werklike individualistiese interpretasie van die tema te skep. Oorweeg die gebruik van metafore of simbole om betekenis oor te dra.

**PROBEER OM DIE TEMA OP ’N OORSPRONKLIKE MANIER TE INTERPRETEER. DIT BEHELS DIKWELS DAT JY, INDIEN NODIG DIE EERSTE OF MEES OOGLOPENDE IDEES MOET PRYSGEE. OORWEEG DIT OM JOU EIE FOTO’S TE NEEM EN DIT TE GEBRUIK AS BRONMATERIAAL. MOENIE DIREKTE KOPIëRINGS VAN INTERNET- OF TYDSKRIFBRONNE MAAK NIE. WEES OORSPRONKLIK EN SPESIFIEK WANNEER JY DIE GEGEWE TEMA VERKEN EN AANBIED. <u>TRANSFORMEER JOU BRONNE</u> SODAT ’N UNIEKE INTERPRETASIE BEREIK WORD. TRANSFORMASIE VIND PLAAS WANNEER JY BEGIN OM ONVERWAGTE BEELDE VANUIT VERSKILLENDE BRONNE TE KOMBINEER, OF WANNEER JY JOU MATERIALE OP ’N EKSPERIMENTELE MANIER AANWEND OM INTERESSANTE MERKE EN TEKSTURE TE SKEP. COLLAGE IS MOONTLIK ’N BAIE WAARDEVOLLE METODE OM MEE TE EKSPERIMENTEER, ASOOK OORLEG (LAAG-OP-LAAG) GEBRUIK VAN BEELDE, GEKOMBINEER MET STERK BEELDE OM JOU IDEES TE ANKER.**

**JOU BRONBOEK MOET DIE BRONNE EN PROSESSE VAN TRANSFORMASIE VIR JOU FINALE WERK DUIDELIK DEMONSTREER.**

1. Begin met konseptualisering deur middel van 'n **breinkaart** en gebruik die begrip **BETOWERING** in jou bronboek/werkboek/joernaal.
2. Hier is ’n paar voorstelle om jou **breinkaart** mee te begin: Gebruik woorde, notas, rowwe tekeninge en plakwerk en brei jou breinkaart uit tot ’n visueel interessante en ryk verkenning van die begrip **BETOWERING**. Daarna kan jy jou beste idees verder in diepte ondersoek deur afgeronde tekeninge, collages en eksperimente in verskillende media. Doen navorsing en vind interessante bronmateriaal. Jy mag ook jou eie foto’s neem. Jou werkboek moet gebruik word as ’n ondersoekende reis. Begin jou breinkaart deur soveel as moontlik idees te ondersoek. In hierdie afdeling demonstreer jy die **breedte** van jou navorsing, voor jy begin met **diepte**-ondersoek.
3. Hier is ’n paar voorstelle vir jou breinkaart vir die tema **BETOWERING**:
   - Om die dogtertjie te sien na haar pa toe hardloop en hom omhels toe hy van ontplooiing terug huis toe kom, was ’n magiese oomblik.
   - Die konsert was eintlik redelik vervelig, maar daar was ’n betowerende oomblik tydens die fluitsolo wat ek nooit sal vergeet nie.
   - Betowerende gebeure/oomblikke in die geskiedenis wat die wêreld verander het.
   - Magiese oomblikke vasgevang in sport/musiek
   - Kan jy die betowerende oomblikke in die natuur sien?
   - En in daardie magiese oomblik het ek ’n geluid gehoor wat ek nog nooit vantevore gehoor het nie.
   - Om te hoor hoe jou kind “Ja” sê sêwanneer hulle trou.
   - As jy vir die eerste keer verlief raak.
   - Slaag jou bestuurstoets
   - Om uit te vind jy is swanger/gaan ’n baba hê.
   - Jou eerste vakansie sonder jou ouers
   - Om jou gunstelingmusiekgroep lewendig te sien

**<u>HOE</u> JY BETEKENIS OORDRA IS NET SO BELANGRIK AS WAT JY PROBEER SÊ. OORWEEG DIE MANIER WAAROP JY DIE <u>KUNSELEMENTE</u> EN JOU <u>MATERIALE</u> GEBRUIK BAIE VERSIGTIG. ’N INTERESSANTE KUNSWERK VERTOON DIKWELS STERK <u>KONTRASTE</u>.**

4. Gebruik die riglyne en skep ’n kunswerk waarin jy jou stories, idees, emosies, visies en gedagtes wat met die tema **BETOWERING** verband hou, deel. Jou onderwyser kan hierdie proses fasiliteer.

**ADDENDUM**

**AFDELING A: BRONBOEK**

- Klem word gelê op individualiteit en kreatiwiteit.
- Die bronboek moet die proses van die begin tot die einde reflekteer en dokumenteer.
- Daar moet duidelike verbintenisse tussen die finale kunswerk en die visuele/geskrewe inligting in die bronboek bestaan.
- Plaas meer klem op voorbereidende sketse, tekeninge, eksperimentering met materiale en tegnieke wat van toepassing is op die finale werk. Ondersoek die sketsboeke van Leonardo da Vinci, Eugène Delacroix, Vincent van Gogh, Marlene Dumas, ensovoorts vir inspirasie.
- Waak teen oppervlakkige en ontoepaslike versiering. Wees kreatief en oorspronklik wat betref die uitleg van elke bladsy – bewys dat jy visueel ingestel is. GEEN *SCRAPBOOKING* IS TOELAATBAAR NIE.
- **Voorstel vir die strukturering van die bronboek/werkboek:**

****RAADPLEEG DIE INSTRUKSIES OP bladsy 3****

## AFDELING B: DIE KUNSWERK

- Aangesien hierdie 'n eksamenwerkstuk is, WORD DIE KANDIDAAT NIE TOEGELAAT OM ENIGE WERK UIT DIE EKSAMENLOKAAL TE VERWYDER NIE. Alle materiale wat vir die doeleindes van die eksamen benodig word, mag in die eksamenlokaal ingebring word, maar neem kennis dat GEEN werk uit die lokaal geneem mag word nie. Indien eksamenregulasies verontagsaam word, word dit as 'n eksamenonreëlmatigheid beskou.
- Die kandidaat word aangemoedig om 'n kunswerk te skep gebaseer op die medium waarop hy/sy in die graad 12-jaar gefokus het.
- Kreatiwiteit en individualiteit moet beklemtoon word. Die kunswerk behoort 'n uitdrukking te wees van die kandidaat se belangstellings/idees en vraagstukke op die vlak van 'n 18/19-jarige.
- 'n Suksesvolle kunswerk is 'n kombinasie van konsep en praktyk. Waak teen illustratiewe werk. Klem moet geplaas word op die estetiese kwaliteite, oorspronklikheid en energie van die kunswerk.
- Onthou om betekenis visueel oor te dra. Moenie woorde gebruik en sodoende jou kunswerk in 'n plakkaatontwerp verander nie. Indien jy woorde gebruik, moet dit 'n visuele of teksturele element wees en in die kunswerk geïntegreer word.
- Die kunswerk hoef nie beperk te word tot naturalistiese uitbeelding nie. Ander style soos ekspressionisme, dekoratiewe styl, stilering, ensovoorts kan in ag geneem word. Geen abstrakte werke.
- In alle digitale/multimedia/nuwe media werke moet konsepontwikkeling en realisering 'n belangrike rol speel. Dokumentasie van die werkproses moet aangebied word.
- Wanneer nagesien word, word bewyse van die kandidaat se denkprosesse wat lei na die finale werk en dus visueel aangebied is, in ag geneem.

**Let asseblief op die volgende kriteria vir fotografie:**

JY MAG SLEGS DONKERKAMER-FOTOGRAFIE OF DIGITALE KUNS IN DIE EINDEKSAMEN AANBIED **INDIEN** JY TYDENS JOU GR. 12 JAAR DAARIN GESPESIALISEER HET.

### DONKERKAMER-FOTOGRAFIE

- Maak 'n stel van ten minste VYF verwante foto's. (Kies jou eie grootte.)
- Die kandidaat moet al die ontwikkeling van beide die film en die negatiewe in die eksamenlokaal onder toesig van die fasiliteerder doen.
- Plaas al die kontakstate/-blaaie, toetsstrokies en rekords van die prosesse in die bronboek.
- Oorweeg die aanbieding van hierdie werk sorgvuldig.

## DIGITALE FOTOGRAFIE

- Bied ’n stel van ten minste VYF verwante drukke aan as finale werk. Die kandidaat mag die beelde slegs manipuleer of aanpas by die skool/sentrum.
- Die digitale grootte moet ten minste A4-grootte wees.
- Plaas die digitale beelde op ’n skyf (CD) en plaas die skyf voor in die bronboek.
- Lewer die bronboek, met ondersteunende inligting, saam met die finale kunswerk(e) in.
- Die bronboek moet die volgende insluit:
  - Die program wat gebruik is (byvoorbeeld Adobe Photoshop 7).
  - Alle digitale programmatuurprosedures. Die kandidaat moet ’n rekord van skermkopieë hou wat al die redigeringsbesluite wat geneem is, illustreer.
  - Die hulpmiddels/nutsprogramme wat die kandidaat gebruik het om sy/haar beelde te manipuleer, met ander woorde aanpassings wat gemaak is, filters wat gebruik is (*distort*, *noise*, *render*, *sketch*), ensovoorts.
- Gee noukeurige aandag aan die voorlegging van hierdie werk.

## NUWE MEDIA/MULTIMEDIA/DIGITALE KUNS

- Alle nuwe media moet artistieke keuse bo tegniese vaardigheid beklemtoon. Navorsing bly belangrik en **die werkboek moet aan dieselfde voorskrifte voldoen as vir ander media. Tekeninge en eksperimentering met ander materiaal moet in die werkboek gedemonstreer word.**
- Wat tweedimensionele digitale werk betref, kan die finale werk nie slegs uit ’n A4-grootte druk bestaan nie. Dit moet bestaan uit ’n reeks van ten minste DRIE (3) A4-drukke wat narratief verwant is OF die druk moet A2 of groter in grootte wees en gemonteer aangebied word.
- Die kandidaat moet gereelde skermgrepe (*screenshots*) neem gedurende die werksproses. Hierdie skermgrepe moet uitgedruk of in CD-formaat binne-in die werkboek aangebied word.
- Wanneer animasie-/videokuns aangebied word, moet ruimte, tyd, beweging, narratief (storielyn), chronologie en interaksie tussen beeld en klank oorweeg word. Die kandidaat moet onderskei tussen ONTWERP (byvoorbeeld musiekvideo’s) en VISUELE KUNS.
- Die toesighouer moet verseker dat die digitale kunswerk ten volle voltooid is tydens die duur van die eksamensessie, binne die eksamenlokaal. Daarna moet dit gerugsteun (ge-“save”) en gedruk word.

## GRAFIESE DRUKKUNS

- Die leerder kan ’n spesifieke tegniek kies, byvoorbeeld lino, perspeks, kollografie, sink-metaalplaat, ensovoorts.
- Die grootte van die druk/ke moet ekwivalent wees aan A3. Die leerder kan ’n diptiek of triptiek aanbied.
- In geval van ’n linodruk, moet ten minste 3 kleure gedruk word.
- Proefdrukke kan ingesluit word maar moet as sodanig gemerk word.
- Die twee beste drukke moet ingesluit word in die portefeulje as die finale drukke, geteken, gedateer en die uitgawenommer aangedui.

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

**MUST BE SIGNED BY EACH VISUAL ARTS/DESIGN CANDIDATE DOING THE PRACTICAL EXAMINATION**

***MOET DEUR ELKE VISUELE KUNSTE-/ONTWERP-KANDIDAAT WAT DIE PRAKTIESE EKSAMEN DOEN, GETEKEN WORD***

# VISUAL ARTS~VISUELE KUNSTE
# DESIGN~ONTWERP

PRACTICAL EXAMINATION
PRAKTIESE EKSAMEN

**NSC~NSS 2024**

NATIONAL SENIOR CERTIFICATE
*NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT*
GRADE 12~*GRAAD 12*

| | |
|---|---|
| *EXAM CENTRE NAME / EKSAMENSENTRUMNAAM* | |
| *EXAM CENTRE NUMBER / EKSAMENSENTRUMNOMMER* | |
| *CANDIDATE ID NUMBER / KANDIDAAT-ID-NOMMER* | |
| *CANDIDATE EXAM NUMBER / KANDIDAAT-EKSAMENNOMMER* | |

***EKSAMEN BEGIN* ~ EXAM STARTS:**

*DATUM*~DATE: ______________________ *TYD*~TIME: ____________________

***FINALE WERK INGEHANDIG* ~ FINAL WORK HANDED IN:**

*DATUM*~DATE: ______________________ *TYD*~TIME: ____________________

***GETEKEN*~SIGNED:**

*KANDIDAAT*~CANDIDATE: ____________________________________________

*HOOFTOESIGHOUER*~CHIEF INVIGILATOR: ___________________________

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

# *ONTWERP/VISUELE KUNSTE PRAKTIESE SESSIE 2024*

# DESIGN/VISUAL ARTS PRACTICAL SESSION 2024

## *VERKLARING VAN EGTHEID* ~ DECLARATION OF AUTHENTICITY

| ***KANDIDAATVERKLARING // CANDIDATE DECLARATION*** |
|---|

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Naam//Name:** | | **Sentrumno:**<br>**Centre number:** | |

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **ID-NOMMER:**<br>**ID NUMBER:** | | | | | | | | | | | | | |

*As 'n kandidaat vir die 2024 NSS **Ontwerp-** en/of **Visuele Kunste-** praktiese eksamen, verklaar ek dat ek al die werk wat ingehandig is, self gedoen het onder toesig van die SACAI-toesighouer(s).*
As a candidate for the 2024 NSC **Design** and/or **Visual Arts** practical examination, I declare that I completed all the work submitted for this practical exam by myself under supervision of the SACAI invigilator(s).

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Geteken//Signed:** | | **Datum//Date:** | |

**Let well//Please note**:

1. *Hierdie vorm MOET saam met die kunswerk ingehandig word, maar nie vasgeheg aan die kunswerk nie. 'n Vasgehegte papier kan die nasien bemoeilik.*
   This declaration form MUST accompany, but not be attached to, the submitted work. An attached sheet may make the marking difficult.
2. *Die hooftoesighouer moet 'n afskrif van hierdie vorm op sy/haar amptelike rekords hou.*
   The chief invigilator must keep a copy of this form with his/her official records.

| ***Hooftoesighouer/toesighouer verklaring***<br>**Chief invigilator/Invigilator declaration** |
|---|

*Hierdie afdeling word deur die hooftoesighouer/toesighouer in beheer van die eksamensessie, voltooi.* This section is to be completed by the chief invigilator/invigilator in charge of the examination session.
***Die kandidaat se werk sal nie nagesien word as die verklaring nie geteken en ingehandig word nie. //***
**The candidate's work will not be marked if the declaration is not signed and submitted.**

**Ek verklaar dat, sover my kennis strek, die werk hier ingehandig:**
- deur die kandidaat self voltooi is gedurende die duur van die vasgestelde eksamentyd van 'n minimum van 18 en 'n maksimum van 24 ure;
- en dat geen onderwyser of enige ander persoon as die kandidaat direk op hierdie werk gewerk het nie.

**I declare that, to the best of my knowledge the work contained in this submission was:**
- completed by the candidate her/himself during the time of the allocated examination session of a minimum of 18 and a maximum of 24 hours.
- not worked upon directly by a teacher or any other person but the candidate.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Invigilator signature and name in print:** | | **Date:** | |
| **Chief invigilator signature and name in print:** | | **Date:** | |